



Verwysing: 20170913-4883  
12/2/8/13  
Navrae: F Haffejee

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0021/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en beheer, Adjunkonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Taal- en Geskiedenisonderwysers by hoërskole

### Onderwerp: Uitnodiging om leerders vir die 2018 De Beers English Olympiad in te skryf

1. Die De Beers English Olympiad is 'n kompetisie wat jaarliks meer as 8 000 inskrywings van oral in Suid-Afrika en sy buurlande lok. Die kompetisie word gesamentlik deur die Grahamstown Foundation en die South African Council for English Education georganiseer.
2. Die primêre doelwitte van die De Beers English Olympiad is om:
  - leerders deur die studie van Engels te verryk en hulle aan te moedig om Engels verder as wat die skoolsillabus strek te verken;
  - kritiese denke en kreatiewe skryfwerk aan te moedig terwyl leerders die uitdagings van die voorbereiding vir en skryf van die eksamen geniet;
  - die Engelse taal te bevorder en die studie van Engels onder eerste- en tweedetaalsprekers te stimuleer;
  - proaktief die deelname van kandidate van voorheen benadeelde skole te verhoog; en
  - toegang tot studiegeleenthede vir gemotiveerde leerders, wat nie die toelatingsfooi kan betaal nie, deur middel van beurse moontlik te maak.
3. Die kompetisie is oop vir alle leerders in grade 10, 11 en 12 in die jaar waarin die eksamen geskryf word. Slegs inskrywings wat deur skole plaasvind, sal aanvaar word. Aangesien die eksamen op 'n oopboekstelsel gebaseer is, ontvang elke kandidaat 'n bloemlesing en 'n studiegids, wat by die inskrywingsgeld van R125,00 ingesluit is.
4. Die tema vir die 2018 English Olympiad is "**War and Peace**", en die titel van die bloemlesing is "**We Will Remember Them**". Vanjaar bestaan die bloemlesing slegs uit 'n **keur van digkuns** wat betrekking het op oorlogstye en 'n taalafdeling wat op die taal van propaganda fokus.

5. Klik op [2018 Call for Entries here](#) EN [2018 Entry Form here](#) en laai af om vir die 2018 English Olympiad in te skryf of kontak die Olimpiadebeampte om die Uitnodiging om in te skryf en inskrywingsvorm via e-pos te ontvang ('n MS Word-weergawe van die inskrywingsvorm is op versoek beskikbaar).

Kantoorure:

Maandag – Vrydag 08:00 – 16:30

Tel: 046 603 1145/1107

Faks: 046 622 7462 of 086 262 6048 (let op die nuwe faksnommer sedert 2013)

E-pos: olympiad@foundation.org.za

#### 6. **Formaat van die eksamen**

Daar word van kandidate verlang om vir 'n drie uur lange oopboekeksamen voor te berei. Kandidate mag die bloemlesing gedurende die eksamen gebruik om sodoende met meer kreatiewe antwoorde vorendag te kom. Daar is 'n keuse tussen 'n Huistaal- (HT) of Eerste Addisionele Taal (EAT) -eksamen. Die EAT-eksamen is op dieselfde bloemlesing en tema as die HT-eksamen gebaseer, maar met minder materiaal om te bestudeer. Dit is hoegenaamd nie 'n makliker vraestel nie, maar daar sal minder vraagkeuses wees en eenvoudiger taal sal by party vrae gebruik word. Alle skole word aangemoedig om hul kandidate in te skryf om die HT-eksamen af te lê. Kandidate mag egter kies om die EAT-eksamen te skryf, maar net as hulle vir Engels EAT as 'n Verdere Onderwys- en Opleidings- (VOO) vak by hul skool geregistreer is. Onderwysers moet duidelik op die inskrywingsvorm aandui of hul kandidate die HT- of die EAT-eksamen skryf. Indien daar geen aanduiding vir die EAT-eksamen is nie, word aanvaar dat die kandidate die HT-eksamen gaan aflê.

7. Die De Beers English Olympiad sal **Dinsdag, 06 Maart 2018** by skole afgelê word. Skole kan enige tyd tussen 11:00 en 14:00 op die eksamendag met die eksamen begin, mits die kandidate toegelaat word om drie uur lank te skryf. Let asseblief daarop dat dit, om praktiese en sekuriteitsredes, nie moontlik is om skole toe te laat om die eksamen op verskillende datums af te lê nie. Skole word versoek om seker te maak dat die datum en tyd van die eksamen op hul kalenders vir 2018 ingesluit word. Maak asseblief seker dat kandidate op hierdie dag sal kan skryf. Die datum van die eksamen word bepaal deur die tyd wat nodig is om die uitslae te verwerk sodat die 15 beste kandidate genooi kan word om die Nasionale Skolefees in Julie 2018 by te woon.

#### 8. **Die 2018 pryse sluit in:**

- ALLE KANDIDATE wat die English Olympiad toereikend genoeg voltooi het om assessering te regverdig, ontvang 'n sertifikaat met hul eksamenevaluering (Goud, Silwer, Brons, Meriete of Deelname) daarop aangedui. Kandidate wat

nie die vraestel voltooi nie of wie se antwoorde duidelik ontoereikend is, sal nie 'n sertifikaat ontvang nie.

- Die 3 beste HT-kandidate sal beduidende kontantpryse soos volg ontvang: Eerste plek: R33 000, Tweede plek: R30 000, Derde plek: R27 000. Hierdie belonings verbreed die wenners se geleentheid vir moontlike verdere studie of reise.
- Die 10 beste EAT-kandidate sal kontantpryse en/of boeke, of boekkoopbewyse ontvang.
- **Rhodes Universiteit Studiebeurse** – onderhewig aan die nakoming van die universiteit se toelatingsvereistes, sal gratis studiebeurse vir die 42 beste HT-kandidate en die 8 beste EAT-kandidate vir hul eerste jaar van enige kursus of studie aan Rhodes Universiteit aangebied word, onmiddellik nadat hul Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen suksesvol voltooi is.

9. Alle kandidate, HT en EAT, moet die bloemlesing bestudeer om vir die eksamen voor te berei. Die 2018-eksamen sal uit drie dele bestaan:

- Afdeling A: 'n opstel (50 punte)
- Afdeling B: 'n stuk transaksionele/kreatiewe skryfwerk (20 punte)
- Afdeling C: vrae oor die taalkomponent (30 punte)

Elke kandidaat ontvang 'n kopie van die bloemlesing saam met 'n studiegids – albei by die inskrywingsfooi ingesluit.

10. **Die SLUITINGSDATUM is Vrydag, 27 Oktober 2017 en die inskrywingsfooi kos R125,00.**

11. **Besoek asseblief die webwerf van die De Beers English Olympiad by <http://www.saenglisholympiad.org.za> vir verdere inligting.**

12. Ons wil graag alle skole aanmoedig om die geleentheid aan te gryp om aan hierdie opwindende kompetisie deel te neem.

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die betrokke onderwysers.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-10-10